NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae in jou antwoordboek.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Lees ÉN volg die INSTRUKSIES by ELKE VRAAG baie deeglik.

6. Begin ELKE VRAAG op 'n nuwe bladsy.

7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

8. Laat 'n REËL OOP tussen jou antwoorde.

9. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

10. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

---

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

**Bestudeer die teks hieronder en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

### Afrikaans is in sy bloed, sê TiNO



deur **Candice Jantjies**

1 Die Zimbabwiese sanger TiNO wil met sy tweede Afrikaanse album, *Net liefde*, 'n boodskap van liefde oordra. "Ek was nog nooit werklik verlief nie, maar ek glo nogal in die liefde en ek kom agter elke keer as ek skryf, of dit nou 'n sokkieliedjie of 'n hartseer liedjie is, daar is altyd liefde betrokke," sê die 23-jarige musikant.

2 Daar is nege liedjies op die album en hy wil mense daarmee inspireer om in die vreugde van musiek te deel en hul verbeelding te gebruik net soos hy syne gebruik het om 'n liedjie soos "Vas en los" te skryf. In dié liedjie verbeel hy hom hy dans met 'n meisie op wie hy verlief is.

3 Tinotenda (Tino) Singe se moedertaal is Shona. Hy is in Zimbabwe gebore en was ses toe hy en sy gesin na Suid-Afrika verhuis het. Hulle het toe in Swellendam gaan woon. Hy sê dit was vir hom maklik om die Afrikaanse taal en kultuur aan te leer. Teen dié tyd is hy al daaraan gewoond om in Afrikaans te skryf en hy studeer ook meestal in Afrikaans.

4 "Hoe meer ek Afrikaans skryf, hoor, lees, dink en eet, hoe gemakliker word ek daarmee. Shona bly my *roots*, dit is my moedertaal, maar Afrikaans het werklik my hart gewen. Nie net die mense nie, maar die Afrikaanse kultuur en alles wat daarmee saamgaan. So, die skryfproses kom deesdae nogal maklik vir my, want ek droom in Afrikaans – en ek doen alles in Afrikaans. Dit is in my bloed, as ek dit so kan sê."

IEB Copyright © 2024

5 Hy is 'n derdejaarstudent aan die Elsenburg Landboukollege in Stellenbosch. Sy liefde vir landbou het in sy geboorteland en by sy oupa – wat steeds daar boer – begin. TiNO was aan die Hoër Landbouskool Oakdale in Riversdal. Hy het 'n beurs by Klein Karoo Saadproduksie gekry om te studeer.

6 TiNO het op sosiale media bekend geraak vir sy diep rasperstem en vertolkings van Afrikaanse liedjies. Kunstenaars soos Spoegwolf en Jan Blohm het hom geïnspireer om 'n loopbaan in Afrikaanse musiek na te streef. "As dit nie vir Jan se musiek was nie, sou ek nooit daai inspirasie gekry het nie."

7 TiNO se debuutalbum, *Sterrekind*, het verlede jaar verskyn. *Net liefde* is op die meeste groot stromingsplatforms beskikbaar.

[Bron: *Die Burger*, (Saterdag, 19/08/2023); artikel verwerk]

1.1 Verwys na die titel en sê wat TiNO bedoel met sy woorde dat Afrikaans "in sy bloed" is. (1)

1.2 Lees paragraaf 1.

1.2.1 Van watter land af kom TiNO oorspronklik? (1)

1.2.2 Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is: TiNO het al sy hart op iemand verloor en hy skryf sy liedjies uit eie ervaring. (1)

1.2.3 Haal **sewe opeenvolgende woorde** aan om jou antwoord by Vraag 1.2.2 te motiveer. (1)

1.3 Watter inspirasie wil hy, volgens par. 2, vir mense met sy album gee? (1)

1.4 Haal **een woord** uit paragraaf 3 aan wat dieselfde beteken as *om na 'n ander plek te trek*. (1)

1.5 Wat is, volgens TiNO, die rede waarom hy dit glad nie moeilik vind om sy musiek in Afrikaans te skryf nie? (1)

1.6 <u>Waar</u> en <u>by wie</u> het TiNO sy liefde vir boerdery gekry? (2)

1.7 Wat is die naam van TiNO se eerste album? (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – INFOGRAFIKA

**Bestudeer die grafika oor peuselhappiepryse (*prices for snacks*) en beantwoord dan die vrae wat daarop volg. Dit het in die koerant verskyn in die tyd van 'n groot Internasionale Sporttoernooi (die Wêreldbeker Rugby-kampioenskap) wat mense dikwels saam sit en kyk.**




[*Die Burger*; Saterdag, 09/09/2023]

2.1 Kyk na die opskrif ("Peuselhappies vir vier mense") en kyk ook na die produkte in die grafika. Lees dan die stelling en kies die KORREKTE antwoord.

*Die informasie in hierdie infografika is gemik op ...*

A 'n groot groep mense wat wil visbraai.
B 'n klein groepie mense wat saam TV wil kyk en iets eet.
C 'n gesin van 7 wat net gekookte kos wil eet.
D 'n paartjie wat hul klein babatjie wil voed. (1)

2.2 Watter winkel se totale prys vir al die produkte saam is die <u>goedkoopste</u>? (1)

2.3 Watter winkel se totale prys vir al die produkte saam is die <u>duurste</u>? (1)

2.4 Watter produk sal by 'n bakkery gemaak word voordat dit na die winkels toe gaan? (1)

2.5 By watter winkel sal iemand wat soveel moontlik geld wil spaar, nié hul biltong gaan koop nie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

2.6 By hoeveel produkte is Pick n Pay se prys die laagste? Skryf net die aantal produkte neer. (1)

2.7 Watter item, en by watter winkel, is die heel duurste produk? Skryf net die produk en die winkelnaam neer. (2)

2.8 Noem een produk wat 'n vegetariër sal verkies om nié te eet nie. (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

**Bestudeer die spotprent noukeurig en beantwoord die vrae wat daarop volg. Die spotprent is in die konteks van 'n nasionale dag wanneer gesinne hulle pa's spesiaal wil laat voel.**




[*Die Burger*; Saterdag, 17 Junie 2023]

3.1 Kies die KORREKTE antwoord: Die kaartjie wat kind A vashou en vir die pa wil wys, is vir ...

A Moedersdag
B Jeugdag
C Vadersdag
D Erfenisdag (1)

3.2 Kyk na die babatjie (C) wat op die pa se been sit. Hoe dink jy voel die baba as jy na **sy/haar gesig** kyk? (1)

3.3 Waaraan kan 'n mens agterkom dat die gesin heel moontlik baie van diere hou? (1)

3.4 Watter huistaak doen die ma? (1)

3.5 Wat noem 'n mens die tipe skoene wat die pa aanhet? (1)

3.6 Wat doen seuntjie B wat heel regs onder in die spotprent staan? (1)

IEB Copyright © 2024

3.7 Kyk mooi na wat die pa doen en sy **liggaamstaal**.

3.7.1 Wat doen die pa om te verseker hy **hoor so min as moontlik** van sy gesin? (1)

3.7.2 Hoe wys die pa se liggaamstaal aan sy gesin waar sy fokus is? (1)

3.8 Hoe weet 'n mens daar is baie geraas in die huis? (1)

3.9 Noem een voorbeeld van 'n genderstereotipe wat in hierdie spotprent uitgebeeld word. (1)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2024 

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 OPSOMMING VAN TYDSKRIFARTIKEL



- Lees die teks ("SÓ INSPIREER ONS KINDERS ONS!") op die volgende bladsy.
- Die artikel gaan oor spesiale eienskappe van hul kinders en die inspirasie wat hierdie ouers by hulle kinders kry.
- Som elke persoon se opmerking op deur te sê wat die EIENSKAP is wat die ouer van die kind/kinders noem, en sê HOE dit die ouer INSPIREER.
- Jy kan elke persoon se opmerking in **EEN of TWEE volsinne** neerskryf.
- Elke persoon se opmerking moet **genommer** word.
- Nommer jou antwoorde van **1–5**.
- Jou opsomming moet ongeveer **70 woorde** bevat.
- Begin jou antwoorde soos volg:
  1. Maxine se kinders …
  2. Peter se kinders …
  3. Zizi se kinders …
  4. John se kinders …
  5. Goldie se kinders … (hierdie woorde tel **nie** as deel van jou woordtelling **nie**!)

**Onthou:**
- om 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer te skryf
- om nie volsinne direk uit die teks aan te haal nie
- dat jy gepenaliseer sal word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is
- dat elke opmerking/antwoord EEN of TWEE volsinne mag wees en 'n **eienskap** en 'n **inspirasie** moet bevat
- om jou opsomming te beplan voordat jy dit begin skryf. **Trek 'n streep deur jou beplanning** sodra jy met jou opsomming klaar is.

IEB Copyright © 2024

**SÓ INSPIREER ONS KINDERS ONS!**

Op Jeugdag vertel ouers watter eienskappe van hul kinders vir hulle uitstaan en hoe dit hulle inspireer, skryf **Maartin Maatemmer**.

Maxine Smith sê haar kinders se kreatiwiteit is fantasties. "Hulle dink kreatief en kyk nuut en vars na alles!" Dit leer haar om nuut te dink. "Nou kan ek minder angstig leef!"

Peter Mtolo se 17-jarige tweeling is vreesloos. Hulle dapperheid motiveer hom. "Hulle skrik vir niks op aarde nie!" Hulle vind altyd oplossings. Hy kyk nou positief na alles in die lewe en is vir niks meer bang nie.

"My dogters kan altyd aanpas," sê Zizi Kellerman. Sy verduidelik hoe hulle geen tyd mors om oor onnodige dinge te tob nie. Hulle sien al hierdie nuwe dinge in die lewe as groot pret. Hulle kan nie wag vir elke nuwe dag nie. Sy leer by haar dogters om ook na elke dag uit te sien en nooit weer kosbare tyd te mors nie.

John Black sê dit lyk of sy tienerseuns hulle doof en blind hou, maar dat hulle skerp kan fokus en kan "filter". Niks kry sy seuns onder nie – hulle bly werk aan hulle drome en ideale. Klein dingetjies krap hulle nie om nie. Hy leer by hulle om "simpel" dingetjies te ignoreer as dit nie ander kan seermaak nie.

Goldie February se aktiewe kinders is altyd met projekte besig. Hulle help om die gemeenskap beter te maak. Hulle ondersteun uitreik aksies en help diere by die DBV. "Hulle help ander mense voordat hulle na hulself kyk." Ek leer by my kinders hoe om nie net vir myself te leef nie – dat ek altyd ander kan help.

[Bron: teks verskaf deur skrywer]

**10 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.**

**Daarom – *Ilna Stander***

My profiel
is 'n spieëlskrikker,
my vel 'n dermatoloog se droom,
my arms en bene misliklank in die pad,
my bolip se dons bleek.
Tussen meisies: die groot krater.

Daarom antwoord ek nie
met my deurslaanstem nie,
kruip ek eerder onder my kuif
(ononderhandelbaar) weg
en oefen ek agteraf
my afsakbroek-stap.
Daarom bid ek die tyd om.

Intussen donder ek deure toe.

[Bron: Toulopers: Verse vir tieners – saamgestel deur Jaco Jacobs, Lapa 2011]

5.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter wat jy kies, neer.

Die **spreker** in hierdie gedig is 'n ...

A lelike dame.
B gefrustreerde tienerseun.
C geïrriteerde middeljarige man.
D lelike ou man. (1)

5.2 Wat sê die **metafoor** "*My profiel/is 'n spieëlskrikker,"* (versreëls 1 en 2) van die <u>effek</u> wat die spreker dink hy op ander mense het? (1)

5.3 Die **titel** van die gedig is 'n voegwoord wat gebruik word wanneer 'n mens gewoonlik 'n rede vir iets gee. Vir <u>watter gevoel</u> wat die spreker ervaar, word redes gegee in die gedig? (1)

5.4 Vul slegs die woord in wat die onderstaande sin korrek voltooi.

Die **toon** (*the tone*) in die spreker se woorde "my vel 'n dermatoloog se droom", is ... (1)

IEB Copyright © 2024

5.5 Die spreker voel ongemaklik in en oor sy eie liggaamsbou en dit voel vir hom aaklig. Haal nou **vier opeenvolgende woorde** aan wat hierdie stelling bevestig. (1)

5.6 5.6.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

*Die spreker het alreeds harde baard.* (1)

5.6.2 Motiveer jou antwoord by Vraag 5.6.1 met 'n aanhaling uit die gedig. (1)

5.7 Verduidelik die **figuurlike** betekenis van "groot krater" (versreël 6). (1)

5.8 Haal een woord aan wat sê dat die seun nie bereid is om sy hare/haarstyl te verander nie. (1)

5.9 Die spreker sê nie dat hy die deur toemaak nie, maar dat hy deure toe "donder". Gee nou 'n goeie rede vir die gebruik van die sterk woord "donder". (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.**

**Die wêreld het so klein geword – *Alta Marincowitz***

Toe my ouma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakte,
deel granate in die boord,
lees boeke in hulle soeke na kennis
en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

As kind bly my ma op 'n ruim erf
met 'n grasperk en twee bome,
sit sy vasgenael voor die kassie -
vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
Sy ken mense wat al oorsee was!
Haar niggies in die stad gaan naweke fliek
en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,
die web is my werf en Gumtree my boom.
ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte
gedeeltelik ontsluier en klankloos klets en kuier.
ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
en met 'n ieder en elk in verbinding bly.
Die moontlikhede is duiselingwek-
kend GROOT en die wêreld het so
klein geword dit pas in die
twaalf vierkante
meter van my
kamer
in.

[Bron: Toulopers: Verse vir tieners – saamgestel deur Jaco Jacobs, Lapa 2011]

6.1 In hierdie gedig word na DRIE generasies verwys. Sê in jou eie woorde WAAR (jy moet na 'n ruimte/plek verwys) die oudste generasie, volgens die gedig, hul vrye tyd spandeer het. (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter wat jy kies, neer.

*"as die foun twee kortes en drie langes lui"* (versreël 4) verwys na ...

A liedjies van die spreker se luitoon.
B die ma se reisdrome.
C plaaslyne van die outydse telefone.
D die ouma se leesboek. (1)

IEB Copyright © 2024

6.3 Haal **6 opeenvolgende woorde aan** wat suggereer dat die spreker se ma baie televisie gekyk het. (1)

6.4 "en klets met maats" (versreël 4)
"… en klankloos klets en kuier" (versreël 15)

Sê in jou eie woorde wat die verskil is tussen die tipe "klets" in strofe 1 en die tipe "klets" in strofe 3. (1)

6.5 Noem EEN positiewe en lekker **aktiwiteit** wat die ma se generasie, volgens die gedig, in hulle tuine kon geniet. (1)

6.6 As jy kyk na die **formaat/uitleg** van strofe 3, kan gesien word hoe die versreëls al korter en korter raak. Wat word daardeur gesuggereer in verband met die moderne mens se behoefte aan groot lewensruimtes? (1)

6.7 *"ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte/gedeeltelik ontsluier"* (versreël 14 en 15) lewer kommentaar op die OPENLIKHEID waarmee mense deur middel van 'n platform soos Facebook met mekaar kommunikeer. Wat sê dit? (1)

6.8 Haal 'n versreël uit strofe 3 aan waarin **binnerym** voorkom. Onderstreep die twee woorde wat rym. (1)

6.9 Watter **tegniek** gebruik die digter om te beklemtoon dat die impak van moderne tegnologie buitengewoon groot is? (1)

6.10 Die digter maak gebruik van **enjambement** in versreëls 18–24. Watter effek word daardeur verkry? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG

**Lees die onderstaande ongesiene gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.**

**'n bietjie romantiek – *Etienne van Lille***

Ek wil vir jou skryf
die mooiste mooi liefdesgedig,
die woorde een-een inlê
in 'n sonnige sonnet

Maar my
konvensioneel
en karige* woordeskat
het 'n minnesang*
van my aan jou belet*.

[Bron: *Woordreise*, Adinda Vermaak e.a. Nasou Via Afrika, 2004]

Woordeskat:
*karige – *small*; minnesang – *love song*; belet – *to forbid*

7.1 Verwys na die **titel** van die gedig. Kies die KORREKTE antwoord wat die sin sal voltooi. Skryf net die letter wat jy kies, neer.

*Die toon en gevoel in die gedig is ...*

A lank en kwaai.
B lig en liefdevol.
C donker en hartseer.
D swaar en negatief. (1)

7.2 Wie is die "jou" in versreël 1? (1)

7.3 Hoe kan 'n mens weet dat die spreker ekstra moeite wil doen om die boodskap van liefde baie goed te wil skryf? Noem TWEE dinge. (2)

7.4 Haal 'n voorbeeld van **alliterasie** uit strofe 1 aan. Onthou om die alliterende klanke aan te dui. (1)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en alfabetletter wat jy kies, neer. Hierdie gedig is in die **vorm** van 'n ...

A sonnet.
B ballade.
C vrye vers.
D epiese gedig. (1)

IEB Copyright © 2024

7.6 Verwys na strofe 2 waar die spreker sê "Maar …". Wat besef (*to realise*) die spreker egter (*however*) op hierdie punt in die gedig? (1)

7.7 Haal **een woord** aan wat sê dat die spreker se woordeskat baie gewoon en net gemiddeld is. (1)

7.8 7.8.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is volgens die spreker se eie perspektief.

*Die spreker kon die liefdesgedig suksesvol skryf.* (1)

7.8.2 Motiveer jou antwoord by Vraag 7.8.1 deur **6 opeenvolgende woorde** aan te haal. (1)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING D KOMMUNIKATIEWE TAAL

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Die onderstaande taalsinne is losweg op die prent en tema van gesonde verhoudings gebaseer. Herskryf die sinne soos aangedui – begin elke keer jou antwoord met die gegewe vetgedrukte woorde. Herskryf elke keer die hele sin as jou antwoord.**

**GESONDE VERHOUDINGS**





[Bron: Google images]

8.1 Sy is bang. Sy vertrou hom.

**Alhoewel** … (1)

8.2 Almal hou hande vas by die vergadering.

**Verlede week** … (1)

8.3 Vriende moet mekaar vertrou.

**Vriende behoort** … (1)

8.4 Vandag is hy bly vir haar ondersteuning.

**Volgende jaar** … (1)

8.5 Het hy al ooit vir jou dankie gesê?

**Nee,** … (1)

8.6 Dit is mooi om te sien wanneer hy haar help.

**Eergister** … (1)

IEB Copyright © 2024

8.7 Die vrou het die geskenk vir die kinders gegee.

**Die geskenk** … (1)

8.8 Die man vra vir die vrou: "Sal jy my help?"

**Die man vra vir die vrou of** … (1)

8.9 Hulle is gelukkig, want hulle het die probleem opgelos.

**Hulle is gelukkig omdat** … (1)

8.10 Hier is die selfhelpboek. Ek wil vir jou die selfhelpboek gee.

**Hier is die selfhelpboek wat** … (1)

8.11 Jy moenie so bang wees nie!

**Jy hoef nie** … (1)

8.12 Die ma is baie gelukkig. Die kinders is baie gelukkig.

**Die ma, sowel as** … (1)
**[12]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Lees die paragraaf wat losweg op die onderstaande prent en die tema van 'n gelukkige gesin gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou antwoordboek neer.**



[Bron: Google images]

Mary is 'n **9.1 (uniek – gee die korrekte vorm van die woord)** jong meisie met groot koffiedrome. Sy is deel van 'n gelukkige gesin – die ouers en die kinders is baie lief **9.2 (… – voorsetsel)** mekaar. Mary raak volgende jaar **9.3 (14 – skryf in woorde uit)** jaar oud. Sy hou nie van selfone nie en sorg dat hulle eerder direk met mekaar praat **9.4 (i.p.v. – skryf die afkorting uit)** om vir mekaar boodskappe te stuur. Die hele gesin is almal gebore **9.5 (Suid-Afrikaaners/Suid-Afrikaners/Suid-Afrikans – kies die korrekte spelling)** alhoewel hulle nou in Frankryk bly. Hulle hou van oefen, daarom gaan hulle **9.6 (elke oggend – een woord)** saam stap. Alles daar in Frankryk – selfs 'n koppie koffie – het nou so **9.7 (duur – intensiewe vorm)** geraak. Hulle kan dus nou nie meer **9.8 (elke dag – een woord)** uitgaan vir koffie ná hulle gaan stap het nie. Dit het nou hul **9.9 (favourite – korrekte Afrikaans)** ding geraak om hulle eie koffie te brou en hul eie koffiewaentjie te begin. Daar bedien hulle vir die Franse en vir toeriste die **9.10 (goed – oortreffende trap)** koffie in die

IEB Copyright © 2024


hele wêreld. Ná konstante **9.11 (lang/lank – kies die korrekte woord)** dae van **9.12 (maklike – gee die antoniem)** werk is dit vir hulle heerlik om ook die klein **9.13 (dinge – gee die verkleinwoord)** saam met mekaar te geniet – soos om nuwe kitskos te ontdek. Die kinders is nie so lief vir gesonde en **9.14 (kook – korrekte verlede deelwoord)** kos wat hul pa graag maak nie – hulle verkies kitskos. Die eksotiese smake en geure van Franse en Spaanse straatkos is vir haar **9.15 (lekker – gee die vergrotende trap)** as hulle gewone huiskos. Dit sal vir Mary een van die wonderlikste **9.16 (oomblik – meervoud)** van haar lewe wees as sy haar droom om een van die jongste baristas in die wêreld te word, te kan waar maak**.**

**[8]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Kyk na die prent hieronder.
- Voer die instruksies wat by elke vraag gevra word, uit.
- Skryf elke keer wat jy dink die persoon in die situasie sou sê, neer.
- Jy hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie.
- MOENIE die vetgedrukte woorde in jou antwoord herhaal nie.
- Elke antwoord moet 15–20 woorde lank wees.
- Jy mag meer as een sin skryf – solank jy net by die woordtelling hou.
- Skryf elke antwoord se woordtelling neer.




[Bron: <//https.images.google.com>]

10.1 Die seun (D) voel **baie dankbaar** teenoor sy vriendin vir **iets baie spesiaals** wat sy vir hom gedoen het. Skryf sy woorde aan haar neer. (2)

10.2 Die vrou (C) is **onseker** hoe om by **'n spesifieke winkel uit te kom**. Sy vra die vrou langs haar vir **hulp** hoe sy daar kan uitkom. Skryf haar woorde neer. (2)

10.3 Die student (E) is **bekommerd** dat sy maat nie 'n gat in die grond sien nie. Hy **waarsku** hom sodat hy nie 'n ongeluk oorkom as hy oefen nie. Wat sê hy? (2)

10.4 Die meisie (A) wat saam met haar maats skaatsplank ry, is **baie bly** vir haar vriendin se sportsukses. Skryf neer wat sy vir haar vriendin sê om haar **geluk te wens**. (2)

10.5 Die twee maats **groet** mekaar **vriendelik** voordat hulle met vakansie gaan. Meisie (B) vra vir haar maat om vir haar **iets wat lekker smaak saam te bring** van haar vakansie af. Skryf nou haar woorde neer. (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024